



**WETTE OP
OPENBARE
REKENMEESTERS
EN OUDITEURE**

<i>Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs</i> 1991 (Wet 80 van 1991)		1-1
1	Woordoms krywing	1-1
2	Voortbestaan van Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad	1-2
3	Samestelling van raad	1-2
4	Kwalifikasies van lede en omstandighede waaronder hulle hul amp ontruim	1-4
5	Ampstermy n van lede van raad, en vul van vakatures	1-4
6	Voorsitter en ondervoorsitter van raad	1-5
7	Vergaderings van raad	1-5
8	Besluite van raad	1-5
9	Verslae aan Minister	1-6
10	Komitees van raad	1-6
11	Fondse van raad en hou en ouditering van rekenings	1-7
12	Besoldiging en toelaes van lede van raad en komitees	1-7
13	Algemene bevoegdhede van raad	1-8
14	Verbod op praktyk as openbare rekenmeester en ouditeur deur ongeregistreerde persoon	1-10
15	Registrasie van rekenmeesters en ouditeurs	1-11
16	Beperkings in verband met buitelandse rekenmeesters en ouditeurs	1-14
17	Vrystelling van sekere buitelandse rekenmeesters en ouditeurs	1-14
18	Opleidingskontrakte	1-15
19	Eksamens	1-15
20	Bevoegdhede en pligte van ouditeurs	1-16
21	Sakebedryf	1-21
22	Inligting wat deur rekenmeesters en ouditeurs verstrek moet word	1-22
22A	Inspeksie deur raad	1-23
23	Dissiplinêre bevoegdhede van raad	1-24
24	Verhoor deur raad	1-25
25	Skorsing van geregistreerde rekenmeesters en ouditeurs wat geestelik versteurd is	1-26

26	Privilegies van raad	1-27
27	Misdrywe en strawwe	1-27
28	Herroeping van wette, en voorbehoude	1-28
29	Kort titel en inwerkingtreeding	1-29
	Bylae: Wette herroep	1-30

Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeur 1993

	(Wet 70 van 1993)	1-31
1	Wysiging van artikel 13 van Wet 80 van 1991	1-31
2	Wysiging van artikel 20 van Wet 80 van 1991	1-31
3	Invoeging van artikel 22A van Wet 80 van 1991	1-31
4	Kort titel	1-32

Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeur 1995

	(Wet 23 van 1995)	1-33
1	Wysiging van artikel 4 van Wet 80 van 1991	1-33
2	Wysiging van artikel 15 van Wet 80 van 1991	1-33
3	Wysiging van artikel 20 van Wet 80 van 1991	1-34
4	Herroeping van wette, uitbreiding van toepassing van Wet 80 van 1991, en voorbehoud	1-34
5	Oordrag van bates, laste, regte en verpligtinge van die Transkeise “Public Accountants’ and Auditors’ Board”	1-34
6	Kort titel en inwerkingtreeding	1-34
	Bylae: Wette herroep deur artikel 4(1)	1-35

Wet op Afskaffing van Beperkings op Howe se Jurisdiksie 1996

	(Wet 88 van 1996)	1-37
	Vervanging van artikel 26 van Wet 80 van 1991	1-37

<i>Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs</i> 1997 (Wet 5 van 1997)	1-38
1 Wysiging van artikel 13 van Wet 80 van 1991	1-38
2 Wysiging van artikel 22A van Wet 80 van 1991	1-38
3 Kort titel	1-39
<i>Wysigingswet op Staatsdienswetgewing, 1997</i> (Wet 47 van 1997)	1-40
Wysiging van artikel 12(2) van Wet 80 van 1991	1-40

WET OP OPENBARE REKENMEESTERS EN OUDITEURS, 1991

WET 80 VAN 1991

soos gewysig deur

Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, No. 70 van 1993

Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, No. 23 van 1995

Wet op Afskaffing van Beperking op Howe se Jurisdiksie, No. 88 van 1996

Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, No. 5 van 1997

Wysigingswet op Staatsdienswetgewing, No. 47 van 1997

*Boskryfte verwys na wysigings aan hierdie
Wet, aangebring ingevolge die ander wette
wat in hierdie Handboek ingesluit is.*

WET

Om voorsiening te maak vir die instelling van 'n openbare rekenmeesters- en ouditeursraad; vir die registrasie van openbare rekenmeesters en ouditeurs; en vir die reëling van die opleiding van openbare rekenmeesters en ouditeurs; om sekere wette te her roep; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 5 Junie 1991.)*

Datum van invoering: 21 Junie 1991

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:-

1. Woordomskrywing

In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

“*buurstaat van die Republiek*” ’n staat waarvan die grondgebied voorheen deel van die Republiek uitgemaak het, en die Republiek van Namibië;

“*firma*” ’n openbare rekenmeester en ouditeur, ’n aantal openbare rekenmeesters en ouditeurs in vennootskap of ’n maatskappy in artikel 21(2) bedoel;

“*genootskap*” enigeen van die volgende genootskappe, in hierdie Wet gesamentlik die vier genootskappe genoem, naamlik:

- (a) Die Transvaalse Genootskap van Geektrooieerde Rekenmeesters;
- (b) Die Kaapse Genootskap van Geektrooieerde Rekenmeesters;
- (c) Die Natalse Genootskap van Geektrooieerde Rekenmeesters;
- (d) Die Oranje Vrystaatse Genootskap van Geektrooieerde Rekenmeesters;

“leerlingrekenmeester” iemand wat onder ’n opleidingskontrak dien, en ook ’n klerk onder leerkontrak ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951);

“Minister” die Minister van Finansies;

“openbare praktyk” die praktyk van ’n persoon wat die werksaamhede van ’n rekenmeester en ouditeur verrig en homself vir daardie doel as ’n rekenmeester en ouditeur voordoen en sy dienste teen vergoeding aan die publiek beskikbaar stel;

“openbare rekenmeester” ’n persoon wat openbare praktyk beoefen;

“opleidingskontrak” ’n skriftelike kontrak van opleiding wat op die voorgeskrewe wyse aangegaan is en wat by die raad geregistreer is en waaronder ’n persoon behoorlik verbind is om ’n persoon of ’n firma vir ’n bepaalde tydperk te dien en geregtig is om opleiding in die praktyk en die beroep van ’n openbare rekenmeester en ouditeur te ontvang, en ook ’n leerkontrak ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951, wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan;

“raad” die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad in artikel 2 vermeld;

“voorgeskrif” deur of kragtens hierdie Wet voorgeskryf.

2. Voortbestaan van Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad

(1) Die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad ingestel by artikel 2 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), bly ondanks die herroeping van daardie Wet deur hierdie Wet, voortbestaan en bly ’n regs persoon.

(2) Die persone wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet lede was van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad ingestel by artikel 2 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951, word geag ingevolge hierdie Wet as lede van die raad aangestel te gewees het, maar die bepalings van hierdie subartikel word nie so uitgelê nie dat dit die ampstermyn van so ’n lid verleng na ’n langer tydperk as dié waarvoor hy aangestel was.

3. Samestelling van raad

(1) Die raad bestaan uit die volgende lede, wat deur die Minister aangestel moet word, naamlik –

- (a) die bekleër van die amp van Ouditeur-generaal en vier ander persone deur die Minister gekies uit die persone wat dan diens doen in die amp van –
 - (i) Kommissaris van Binnelandse Inkomste;
 - (ii) Registrateur van Koöperasies;
 - (iii) Uitvoerende Beampte van die Raad op Finansiële Dienste;
 - (iv) Registrateur van Maatskappye;
 - (v) Registrateur van Beslote Korporasies;
 - (vi) Meester van die Hooggeregshof,of in enige ander hoedanigheid in die heeltydse diens van die Staat waar hulle volgens die Minister se oordeel by die verrigting van hulle pligte in aansienlike mate belang het by sertifikate, verslae of menings wat deur rekenmeesters of ouditeurs verstrek word;

- (b) twee persone wat dosente in die rekeningkunde of in rekeningkundige aangeleenthede aan 'n universiteit in die Republiek moet wees en wat deur die Komitee van Universiteitshoofde ingestel by artikel 6 van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet No. 61 van 1955), benoem moet word;
- (c) een persoon wat deur elke genootskap benoem moet word en 'n bykomende persoon wat deur elke genootskap wat meer as 250 lede het, benoem moet word;
- (d) een persoon wat die Minister, na raadpleging met die ingevolge paragrawe (a), (b) en (c) aangestelde persone, geskik ag om lid van die raad te wees en wat iemand moet wees wat binne 'n straal van 100 kilometer van die stadsaal van Johannesburg openbare praktyk beoefen.

(2) Wanneer 'n benoeming ingevolge subartikel (1)(b) of (c) nodig word, moet die Minister die betrokke Komitee of genootskap by skriftelike kennisgewing aansê of laat aansê om binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld maar minstens 30 dae vanaf die datum van die kennisgewing die persoon of persone te benoem wat deur daardie Komitee of, na gelang van die geval, deur die betrokke genootskap vir aanstelling in die raad benoem moet word.

(3) Indien genoemde Komitee of so 'n genootskap in gebreke bly om, na aansegging by kennisgewing soos in subartikel (2) bepaal, binne die tydperk in die kennisgewing vermeld die persoon of persone te benoem wat ingevolge die kennisgewing genomineer moes word, kan die Minister die vereiste persoon of persone wat hy geskik ag en wat 'n professor of professore of lektor of lektore of, na gelang van die geval, 'n lid of lede van die betrokke genootskap is, tot die vereiste getal aanstel om lid of lede van die raad te wees.

(4) Vir elke lid van die raad ingevolge paragraaf (b), (c) of (d) van subartikel (1) aangestel, moet daar 'n plaasvervangende lid op dieselfde wyse as bedoelde lid aangestel word, en 'n in paragraaf (a) van daardie subartikel bedoelde lid van die raad kan met toestemming van die Minister 'n persoon in die heeltidse diens van die Staat aanwys om in sy plek as 'n plaasvervangende lid van die raad op te tree, en 'n plaasvervangende lid aldus aangestel of aangewys, kan 'n vergadering van die raad bywoon en aan die verrigtings aldaar deelneem wanneer die lid vir wie hy as plaasvervangende lid aangestel of aangewys is, van bedoelde vergadering afwesig is.

(5)(a) Die Minister kan op aanbeveling van die raad van tyd tot tyd 'n benoemde van 'n liggaam wat rekenmeesters en ouditeurs in enige van die Republiek se buurstade verteenwoordig as lid van die raad aanstel, en 'n aldus aangestelde persoon beklee sy amp vir die tydperk, maar hoogstens een jaar, wat die Minister bepaal, en het die reg om vergaderings van die raad by te woon en aan die verrigtings aldaar deel te neem, maar het nie die reg om te stem nie.

(b) Die Minister kan op aanbeveling van die raad van tyd tot tyd 'n ander benoemde van 'n liggaam in paragraaf (a) bedoel, aanstel as plaasvervanger van 'n lid kragtens daardie paragraaf aangestel, en so 'n plaasvervanger kan, wanneer die lid vir wie hy as plaasvervanger aangestel is van 'n vergadering

van die raad afwesig is, dié vergadering bywoon en aan die verrigtings aldaar deelneem, maar het nie die reg om te stem nie.

(6) Die naam van elke persoon as lid van die raad aangestel, en van elke persoon as plaasvervanger van 'n lid aangestel, en die datum vanaf wanneer die aanstelling geld, moet in die *Staatskoerant* afgekondig word.

4. Kwalifikasies van lede en omstandighede waaronder hulle hul amp ontruim

(1) Niemand word ingevolge subartikel (1)(c) of (d) van artikel 3 as lid van die raad, of ingevolge subartikel (4) of (5)(b) van daardie artikel as plaasvervanger van so 'n lid aangestel nie, tensy hy ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is.

(2) 'n Lid of 'n plaasvervangende lid van die raad ontruim sy amp –

(a) indien hy 'n ongerehabiliteerde insolvent is;

(b) indien hy te eniger tyd (in die Republiek of elders) skuldig bevind is aan diefstal, bedrog, vervalsing of die uitgifte van 'n vervalste stuk, meened, 'n misdryf kragtens die Wet op Korrupsie, 1992 (Wet No. 94 van 1992), of 'n misdryf waarby oneerlikheid betrokke is, en daarvoor gestraf is met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete of met 'n boete van meer as R300;

(c) indien hy geestelik versteurd is;

(d) indien hy, in die geval van 'n ingevolge artikel 3(1)(b) aangestelde lid, ophou om 'n dosent in die rekeningkunde of in rekeningkundige aangeleenthede aan 'n universiteit in die Republiek te wees;

(e) indien hy, in die geval van 'n ingevolge artikel 3(1)(c) of (d) aangestelde lid wat op die datum van sy aanstelling ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer was, ophou om aldus geregistreer te wees;

(f) indien hy, in die geval van 'n ingevolge artikel 3(1)(d) aangestelde lid, ophou om openbare praktyk soos in daardie paragraaf beoog, te beoefen; of

(g) indien, in die geval van 'n lid, hy sonder verlof van die voorsitter van die raad van twee agtereenvolgende vergaderings van die raad afwesig is of indien, in die geval van 'n plaasvervangende lid, hy aldus afwesig is tydens die afwesigheid van die lid vir wie hy as plaasvervangende lid aangestel is.

5. Ampstermyn van lede van raad, en vul van vakatures

(1) 'n Lid of 'n plaasvervangende lid van die raad (uitgesonderd 'n ingevolge artikel 3(1)(a) aangestelde lid of sy plaasvervanger, wat sy amp bekleed solank dit die Minister behaag) word aangestel vir 'n tydperk van een jaar, maar behou na verstryking van die tydperk waarvoor hy aangestel is sy amp vir 'n verdere tydperk van hoogstens drie maande totdat sy opvolger aangestel is.

(2) Iemand wie se ampstermyn as lid van die raad verstryk het, met inbegrip van

'n kragtens artikel 3(5) aangestelde persoon, kan weer aangestel word, maar behoudens die bepalings van subartikel (1) van hierdie artikel kan niemand vir meer as ses jaar gedurende enige tydperk van nege jaar die amp van lid van die raad beklee nie: Met dien verstande dat, by die berekening van die totale tydperk wat 'n persoon die amp van lid van die raad beklee het, enige tydperk waartydens hy daardie amp beklee het na die beëindiging van 'n tydperk waarvoor hy aangestel was, maar voor die aanstelling van sy opvolger, nie in aanmerking geneem word nie.

(3) Wanneer die amp van 'n lid van die raad vakant raak voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy aangestel is, kan die Minister, met inagneming van die toepaslike bepalings van artikel 3, 'n persoon aanstel om die vakature te vul vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor bedoelde lid aangestel was.

6. Voorsitter en ondervoorsitter van raad

(1) Die lede van die raad kies op hulle eerste vergadering en daarna wanneer dit nodig word, uit hul geledere 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter van die raad, wat albei openbare rekenmeesters moet wees, en 'n aldus gekose persoon beklee sy amp as sodanig totdat hy, by die verstryking ingevolge artikel 5(1) van sy ampstermyn, of uit hoofde van die bepalings van artikel 4(2), ophou om lid van die raad te wees.

(2) 'n Lid van die raad aangestel ingevolge subartikel 1(a) of (b) of kragtens subartikel (5) van artikel 3 kan nie tot voorsitter of ondervoorsitter van die raad gekies word of op 'n vergadering van die raad voorsit nie.

7. Vergaderings van raad

(1) Die raad moet minstens twee maal elke jaar vergader op die tye en plekke wat die raad van tyd tot tyd bepaal.

(2) Die voorsitter van die raad kan te eniger tyd 'n buitengewone vergadering van die raad belê, wat gehou moet word op die tyd en plek wat hy bepaal, en moet op skriftelike versoek wat deur minstens drie lede van die raad onderteken is, 'n buitengewone vergadering van die raad belê wat binne twee weke vanaf die datum van ontvangs van bedoelde versoek gehou moet word op die tyd en plek wat hy bepaal.

8. Besluite van raad

(1) Die meerderheid van al die lede van die raad vorm 'n kworum vir enige vergadering van die raad.

(2) Indien sowel die voorsitter as die ondervoorsitter van 'n vergadering van die raad afwesig is, kies die aanwesige lede, behoudens die bepalings van artikel 6(2), iemand uit hul geledere om op daardie vergadering voor te sit.

(3) Die beslissing van 'n meerderheid van die lede van die raad wat op 'n vergadering van die raad aanwesig is, maak 'n besluit van die raad uit, en by 'n staking van stemme oor 'n aangeleentheid het die persoon wat op die betrokke vergadering voorsit, benewens sy beraadslagende stem 'n beslissende stem.

(4) Geen besluit geneem of handeling verrig op gesag van die raad is ongeldig nie

bloot vanweë 'n toevallige vakature in die raad of omdat iemand wat nie geregtig was om as 'n lid van die raad sitting te neem nie, as so 'n lid sitting geneem het op die tydstip waarop die besluit geneem of handeling gemagtig is, indien die besluit geneem of handeling gemagtig is deur die meerderheid van die lede van die raad wat toe aanwesig was en geregtig was om as lede sitting te neem.

9. Verslae aan Minister

(1) Die raad lê elke jaar, binne ses maande na afsluiting van sy boekjaar, aan die Minister 'n verslag voor oor die raad se sake en werksaamhede gedurende daardie boekjaar, wat onder meer die volgende insluit, naamlik –

- (a) 'n afskrif van die in artikel 11(3) bedoelde geouditeerde staat van inkomste en uitgewas en balansstaat ten opsigte van daardie boekjaar; en
- (b) 'n lys van persone wat op die laaste dag van daardie boekjaar op die register van rekenmeesters en ouditeurs verskyn.

(2) Die voorsitter van die raad kan van tyd tot tyd verslae aan die Minister voorlê oor aangeleenthede wat verband hou met die bedrywighede van die raad wat na sy oordeel onder die aandag van die Minister behoort te kom.

(3) Drie of meer lede van die raad wat ontevrede is met 'n besluit van die raad oor 'n aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet binne die raad se regsbevoegdheid val, kan met vermelding van hul redes die Minister in kennis stel dat hulle dit nie met bedoelde besluit eens is nie, en die Minister kan, by ontvangs van so 'n kennisgewing, van die raad sy opmerkings in verband met die aangeleentheid eis, asook enige inligting wat die Minister nodig ag.

(4) Die raad moet, op versoek van die Minister of 'n persoon in diens van die Staat wat met die uitvoering van die een of ander wet belas is, aan die Minister of bedoelde persoon advies verstrek oor vraagstukke in verband met die rekenmeesters- en ouditeursberoep of verwante aangeleenthede, en moet inligting wat die raad tydens die verrigting van sy pligte bekom omtrent aangeleenthede wat hy van openbare belang ag, aan die Minister meedeel.

(5) Die Minister moet afskrifte van elke verslag wat ingevolge subartikel (1) aan hom voorgelê word, tesame met die aanhangsels daarby, in die Parlement ter Tafel lê binne 14 dae na ontvangs daarvan indien die Parlement dan in sitting is, of, indien die Parlement nie dan in sitting is nie, binne 14 dae na die aanvang van sy eersvolgende sitting.

10. Komitees van raad

(1) Die raad kan een of meer komitees benoem om hom by die verrigting van sy werksaamhede en pligte by te staan.

(2) So 'n komitee bestaan uit soveel lede van die raad of soveel ander persone of soveel lede en ander persone as wat die raad nodig ag, en die raad kan te eniger tyd so 'n komitee ontbind of hersaamstel.

(3) Die raad kan na goëddunke van sy bevoegdhede aan 'n aldus benoemde komitee oordra, maar word nie onthef nie van 'n bevoegdheid wat hy aan so 'n

komitee aldus oorgedra het, en kan 'n besluit van so 'n komitee wysig of intrek: Met dien verstande dat indien die raad aan 'n komitee die bevoegdheid oorgedra het om te besluit of iemand in 'n eksamen geslaag het wat kragtens artikel 19 afgeneem is, of die bevoegdheid oorgedra het om te bepaal of iemand as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer moet word al dan nie, of die bevoegdheid oorgedra het om die registrasie van enigiemand as rekenmeester en ouditeur te kanselleer, of die bevoegdheid oorgedra het om ooreenkomstig die bepalinge van artikel 23 'n geval van beweerde onbehoorlike gedrag te ondersoek en ten opsigte daarvan 'n straf op te lê, die raad nie 'n besluit of iets wat kragtens die bevoegdheid aldus oorgedra, deur so 'n komitee geneem of gedoen is, wysig of intrek nie.

(4) 'n Verwysing in hierdie Wet na die raad met betrekking tot die uitoefening van 'n bevoegdheid wat die raad aan 'n komitee oorgedra het, word uitgelê ook as 'n verwysing na daardie komitee.

11. Fondse van raad en hou en ouditering van rekenings

(1) Die fondse van die raad bestaan uit die gelde deur hom ontvang na aanleiding van enige voorsiening kragtens artikel 13 gedoen, en die ander bedrae, met inbegrip van voorskotte in subartikel (4) van hierdie artikel bedoel, wat van tyd tot tyd ingevolge hierdie Wet aan die raad betaalbaar word.

(2) Die raad laat volledige en juiste rekening hou van alle geld wat hy ontvang of uitgee.

(3) Die raad moet elke jaar 'n staat van sy inkomste en uitgawe vir sy jongste voorafgaande boekjaar en 'n balansstaat wat sy geldelike toestand aan die einde van daardie boekjaar aantoon, laat opstel, en moet, nadat bedoelde staat en balansstaat geouditeer is deur 'n ouditeur wat die raad aanstel, afskrifte daarvan laat stuur aan elke lid van die raad en aan elke genootskap, asook aan elke persoon wat ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is.

(4) (a) Die Minister kan, uit geld deur die Parlement vir dié doel bewillig, die bedrae aan die raad voorskiet wat hy nodig ag om die raad in staat te stel om sy werksaamhede te verrig.

(b) So 'n voorskot word toegestaan op die voorwaardes en is terugbetaalbaar op die tye wat die Minister bepaal.

12. Besoldiging en toelaes van lede van raad en komitees

(1) Daar word aan 'n lid van die raad of 'n komitee van die raad, met inbegrip van 'n persoon wat as plaasvervanger van so 'n lid aangestel is, maar nie so 'n lid of persoon wat in die heeltidse diens van die Staat is nie, die besoldiging vir dienste in verband met die werk van die raad deur hom gelewer en die toelaes om uitgawes te dek wat redelikerwys deur hom aangegaan is in verband met die verrigting van sy pligte as lid van die raad of van so 'n komitee, betaal wat die raad bepaal.

⁽⁵⁾(2) 'n Lid van die raad of so 'n komitee wat in die heeltidse diens van die Staat is, kan benewens sy besoldiging ten opsigte van daardie diens, die besoldiging ontvang vir spesiale dienste deur hom aan die raad gelewer wat die Minister in ooreenstemming met die

Minister vir die Staatsdiens en Administrasie mag bepaal, maar wat nie 'n hoër bedrag is as wat die raad aanbeveel nie.

(3) Enige besoldiging of toelaes wat ingevolge subartikel (1) of (2) betaalbaar mag word, moet uit die fondse van die raad betaal word.

⁽⁴⁾ **13. Algemene bevoegdthede van raad**

(1) Die raad kan –

- (a) persone in diens neem om hom by die verrigting van sy werksaamhede by te staan;
- (b) die roerende of onroerende goed wat die raad vir die verrigting van sy werksaamhede nodig ag, huur, koop of andersins verkry, en goed wat aldus gekoop of verkry is, verhuur of verkoop of andersins daarvoor beskik;
- (bA) met of sonder sekerheidstelling geld leen of opneem ten einde hom in staat te stel om enige van die bevoegdthede aan hom deur hierdie artikel verleen, uit te oefen;
- (c) die prosedure op vergaderings van die raad of 'n komitee van die raad bepaal;
- (d) diens onder 'n opleidingskontrak reël en die gelde wat ten opsigte van registrasie of oordrag van so 'n opleidingskontrak, of ten opsigte van verlening van vrystelling van diens onder 'n opleidingskontrak of 'n gedeelte daarvan, aan die raad betaal moet word, voorskryf;
- (e) (i) die gelde wat ten opsigte van die registrasie van enigiemand as 'n rekenmeester en ouditeur aan die raad betaal moet word, en die jaargelde (wat ten opsigte van 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur wat openbare praktyk beoefen en 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur wat nie openbare praktyk beoefen nie, kan verskil) wat deur enigiemand aan die raad betaal moet word solank hy as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer bly, voorskryf, en die gedeelte van bedoelde jaargelde wat ten opsigte van 'n deel van 'n jaar betaalbaar is en die datum waarop bedoelde jaargelde of gedeelte daarvan betaalbaar word, bepaal;
- (ii) na goedgevinde die ander gelde voorskryf en die ander heffings oplê, wat betaalbaar is deur elke persoon wat ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is ten einde hom in staat te stel om die verrigting van sy werksaamhede en die uitvoering van sy pligte te finansier;
- (f) leerplanne ten opsigte van eksamens vir leerlingrekenmeesters onder opleidingskontrak of ander persone voorskryf, sodanige eksamens voorskryf of afneem of vir die afneem daarvan reëlins tref, en die gelde voorskryf wat deur die persone wat die raad bepaal ten opsigte van sodanige leerplanne of eksamens aan die raad betaal moet word;
- (g) die grade, diplomas en ander kwalifikasies voorskryf waarvolgens enigiemand geregtig is op vrystelling van die vereistes waaraan persone

wat verlang om as rekenmeesters en ouditeurs geregistreer te word, moet voldoen, asook die gelde wat ten opsigte van sodanige vrystelling aan die raad betaal moet word;

- (h) (i) gedrag wat onbehoorlike gedrag deur 'n rekenmeester en ouditeur of ander persoon wat ingevolge hierdie Wet geregistreer is, uitmaak, die wyse waarop 'n aantyging of klagte van onbehoorlike gedrag ondersoek en, indien nodig, verhoor moet word, en die strawwe, met inbegrip van 'n waarskuwing, 'n berisping, 'n boete, skorsing van praktyk vir die tydperk wat die raad mag bepaal, skrapping uit die register, of beperkte, tydelike of permanente onbevoegdverklaring vir registrasie, wat na so 'n ondersoek of verhoor deur die raad opgelê kan word, voorskryf;
- (ii) in 'n tydskrif of ander publikasie in paragraaf (i) vermeld, of in die openbare pers, die naam bekend laat maak van 'n rekenmeester en ouditeur of ander persoon (met of sonder die naam van die firma waaraan hy verbonde is) wat soos in subparagraaf (i) bedoel, verhoor is, tesame met die bevindinge van die raad of die komitee wat die ondersoek of verhoor gehou het, en die straf, as daar is, wat die rekenmeester en ouditeur of ander persoon opgelê is;
- (i) 'n tydskrif of enige ander publikasie met betrekking tot rekeningkunde en ouditkunde en verwante aangeleenthede finansier, druk en versprei en die publikasie daarvan administreer, en oor die algemeen die stappe doen wat nodig is om dit te publiseer;
- (j) sy fondse belê op die wyse wat hy goedvind;
- (k) hulp verleen in verband met die voorsiening van opvoedkundige fasiliteite vir leerlingrekenmeesters en ander persone wat verlang om as rekenmeesters en ouditeurs geregistreer te word.
- (l) (i) 'n fonds instel met die doel om enigiemand te vergoed vir verlies of skade deur hom gelyk as gevolg van oneerlikheid of nalatigheid by die uitoefening van 'n openbare praktyk deur iemand wat ingevolge hierdie Wet as rekenmeester en ouditeur geregistreer is;
- (ii) van tyd tot tyd 'n bedrag wat by wyse van bydrae tot bedoelde fonds deur enigiemand wat aldus geregistreer is en openbare praktyk beoefen aan die raad betaal moet word, en die tye waarop bedoelde bedrag aldus betaalbaar is, voorskryf;
- (iii) voorsiening maak vir die administrasie van bedoelde fonds deur 'n beheerraad wat uit die voorsitter van die raad (wat voorsitter van bedoelde beheerraad moet wees) en die ander deur die raad aangestelde persone wat die raad goedvind, bestaan; en
- (iv) die omstandighede waaronder en die voorwaardes onderworpe waaraan enige betaling uit bedoelde fonds gedoen kan word, voorskryf of bedoelde beheerraad magtig om dit voor te skryf;
- (m) met 'n liggaam wat rekenmeesters en ouditeurs in enige van die Republiek

se buurstate verteenwoordig, 'n ooreenkoms aangaan waarin die raad onderneem om hulp in verband met die verrigting deur bedoelde liggaam van sy werksaamhede, op dié wyse en dié voorwaardes waarop daar ooreengekom word, te verleen;

- (n) (i) voorskryf dat elke persoon wat ingevolge hierdie Wet as rekenmeester en ouditeur geregistreer is en openbare praktyk beoefen, verplig is om professionele skadeloosstellingsversekering te verkry ter dekking van enige aanspreeklikheid wat hy mag oploop as gevolg van nalatigheid of oneerlikheid in die beoefening van sodanige praktyk;
- (ii) in verband met skadeloosstellingsversekering in subparagraaf (i) bedoel, die minimum dekkingsvereistes waaraan voldoen moet word, die gebeurlikhede wat deur sodanige versekering gedek moet word en die omstandighede waaronder 'n persoon wat andersins verplig sou wees om sodanige versekering te verkry, daarvan vrygestel is, voorskryf;
- (o) die bestuur van 'n praktyk van 'n rekenmeester en ouditeur oorneem, of iemand aanstel om die bestuur van so 'n praktyk oor te neem, onder omstandighede wat die raad in die openbare belang ag;
- ^(v)(p) stappe doen wat die raad dienstig ag vir die handhawing van die integriteit, die verhoging van die status, en die handhawing en verbetering van die standaard van professionele kwalifikasies en van die bekwaamheid, van rekenmeesters en ouditeurs, en navorsing aangaande vraagstukke in verband met enige aangeleentheid wat op die beroep van rekeningkunde betrekking het, aanmoedig;
- (q) oor die algemeen die bevoegdhede uitoefen en die werksaamhede en pligte verrig wat in hierdie Wet vermeld word.

(2) Die raad hou aparte registers ten opsigte van leerlingrekenmeesters en van rekenmeesters en ouditeurs wat ingevolge hierdie Wet geregistreer is, en die ander registers wat die raad goetvind, en so 'n register moet op alle redelike tye beskikbaar wees vir insae deur enige lid van die publiek.

14. Verbod op praktyk as openbare rekenmeester en ouditeur deur ongeregisteerde persoon

Niemand mag –

- (a) openbare praktyk as 'n rekenmeester of ouditeur beoefen of homself as 'n rekenmeester of ouditeur in openbare praktyk voordoer of enige benaming of beskrywing gebruik wat waarskynlik die indruk sal wek dat hy 'n rekenmeester en ouditeur in openbare praktyk is nie; of
- (b) 'n aanstelling as ouditeur aanvaar of as ouditeur optree waar die aanstelling van 'n ouditeur of die uitvoering van 'n oudit by wet vereis word nie, tensy hy as 'n rekenmeester en ouditeur ingevolge hierdie Wet geregistreer is en teen die tarief van toepassing op 'n geregisteerde rekenmeester en ouditeur wat 'n

openbare praktyk beoefen, die jaargelde of gedeelte daarvan deur die raad kragtens artikel 13(1)(e) voorgeskryf of bepaal, betaal het: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie artikel nie belet dat –

- (i) 'n persoon wat in diens is uitsluitlik teen 'n salaris en wat nie vir eie rekening sake doen nie, homself as rekenmeester of interne ouditeur beskryf in verband met die onderneming waarin hy in diens is nie; of
- (ii) 'n lid van 'n klub, inrigting of vereniging wat nie met die oog op wins gedryf word nie, as ouditeur van bedoelde klub, inrigting of vereniging optree nie, mits hy geen gelde of ander vergoeding vir sy dienste ontvang nie; of
- (iii) 'n Staatsminister, Administrateur of beamppte belas met die uitvoering van 'n wet, iemand wat nie ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is nie, as ouditeur ten opsigte van 'n onderneming wat deur daardie wet gereël word, aanstel, of sy aanstelling as sodanig magtig of goedgekeur nie, indien volgens die oordeel van daardie Minister of Administrateur of beamppte 'n aldus geregistreerde persoon nie gereedelik beskikbaar is nie of, weens die aard van die vereiste ouditering of die hoeveelheid werk daarby betrokke of ander omstandighede in bedoelde wet beoog, die aanstelling van 'n aldus geregistreerde persoon nie gereverdig is nie; of
- (iv) die Ouditeur-generaal 'n persoon wat nie ingevolge hierdie Wet as rekenmeester en ouditeur geregistreer is nie, as ouditeur aanstel om namens hom 'n ouditering wat hy ingevolge enige wet moet onderneem, uit te voer nie; of
- (v) 'n persoon wat kragtens subparagraaf (iii) of (iv) aangestel is of wie se aanstelling daarkragtens gemagtig of goedgekeur is, 'n ouditering uitvoer ten opsigte van die onderneming ten opsigte waarvan hy aldus aangestel is of ten opsigte waarvan sy aanstelling aldus gemagtig of goedgekeur is nie.

15. Registrasie van rekenmeesters en ouditeurs

(1) Iemand wat begerig is om as rekenmeester en ouditeur geregistreer te word, moet 'n skriftelike aansoek om sodanige registrasie, vergesel van die voorgeskrewe gelde en die inligting wat die raad verlang, by die raad indien.

- (2) Indien die raad na oorweging van so 'n aansoek oortuig is dat die aansoeker –
 - (a) minstens 21 jaar oud en gewoonlik in die Republiek woonagtig is;
 - (b) behalwe vir sover hy kragtens hierdie Wet daarvan vrygestel is, vir die voorgeskrewe tydperk onder opleidingskontrak gedien en in die voorgeskrewe eksamens geslaag het;
 - (c) oor die vereiste kundigheid beskik om as 'n rekenmeester en ouditeur te praktiseer in 'n geval waar meer as vyf jaar verstryk het tussen die datum waarop die aansoeker die voorgeskrewe eksamens geslaag het en die datum van die aansoek;
 - ⁽²⁾(d) 'n gepaste en geskikte persoon is om as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer te word,

moet die raad, behoudens die bepalinge van subartikel (4), die aansoeker as 'n rekenmeester en ouditeur registreer en aan hom 'n registrasiesertifikaat in die vorm wat die raad voorskryf, uitreik.

(3) (a) Iemand wat begerig is om as buitelandse rekenmeester en ouditeur geregistreer te word, moet 'n skriftelike aansoek om sodanige registrasie, vergesel van die voorgeskrewe gelde en die inligting wat die raad verlang, by die raad indien.

(b) Indien die raad na oorweging van so 'n aansoek oortuig is dat die aansoeker –

(i) minstens 21 jaar oud is en nie gewoonlik in die Republiek woonagtig is nie;

(ii) 'n lid is van 'n georganiseerde liggaam van rekenmeesters en ouditeurs wat deur die raad vir die doeleindes van hierdie subartikel erken word;

(iii) 'n vennoot is van 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is en wat openbare praktyk daarin beoefen of aan die raad 'n skriftelike deur die raad goedgekeurde onderneming verskaf het dat hy by of na registrasie toegelaat sal word tot 'n vennootskap met 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur wat in die Republiek gewoonlik woonagtig is en openbare praktyk beoefen,

moet die raad, behoudens dié bepalinge van subartikel (4), die aansoeker as 'n buitelandse rekenmeester en ouditeur registreer en aan hom 'n registrasiesertifikaat in die vorm wat die raad voorskryf, uitreik.

(c) Oral waar in hierdie Wet die uitdrukking “rekenmeester en ouditeur” gebesig word, word die uitdrukking geag ook na 'n buitelandse rekenmeester en ouditeur te verwys, tensy uit die samehang anders blyk.

(4) Die raad registreer nie 'n persoon ingevolge hierdie artikel as 'n rekenmeester en ouditeur nie –

(a) indien hy te eniger tyd weens wangedrag van 'n vertrouensamp onthef is; of

(b) indien hy te eniger tyd (in die Republiek of elders) skuldig bevind is aan diefstal, bedrog, vervalsing of die uitgifte van 'n vervalste stuk, meened, 'n misdryf kragtens die Wet op Korruptsie, 1992 (Wet No. 94 van 1992), of 'n misdryf waarby oneerlikheid betrokke is, en daarvoor gestraf is met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete of met 'n boete van meer as R300; of

(c) indien hy geestelik versteurd is; of

(d) indien hy ingevolge 'n kragtens hierdie Wet opgelegde straf onbevoeg is om geregistreer te word,

en kan weier om iemand wat 'n ongerehabiliteerde insolvente persoon is of wat met sy skuldeisers 'n ooreenkoms aangegaan het, of wat weens sy gedrag na die oordeel van die raad nie 'n geskikte persoon is om geregistreer te word nie, aldus te registreer.

(5) Die raad moet registrasie as 'n rekenmeester en ouditeur kanselleer in die geval van 'n persoon wat na sy registrasie aan 'n diskwalifikasie vermeld in subartikel 4(a) of (b) onderhewig word, en kan die registrasie kanselleer van 'n persoon wie se boedel gesekwestreer word of wat 'n ooreenkoms met sy skuldeisers aangaan of wat per abuis geregistreer is of geregistreer is op grond van inligting wat daarna bewys word vals te wees, of wat voor sy registrasie hom skuldig gemaak het aan gedrag as gevolg waarvan hy na die oordeel van die raad nie 'n geskikte persoon is om geregistreer te wees nie.

(6) Die raad moet die registrasie as 'n buitelandse rekenmeester en ouditeur kanselleer in die geval van 'n persoon wat –

- (i) na sy registrasie gewoonlik in die Republiek woonagtig word; of
- (ii) nie binne ses maande na die datum van sy registrasie bewys ten genoë van die raad lewer nie dat hy toegelaat is tot 'n vennootskap met 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is en wat openbare praktyk daarin beoefen; of
- (iii) ophou om 'n vennoot te wees van 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is en wat openbare praktyk daarin beoefen en nie binne ses maande daarna bewys ten genoë van die raad lewer nie dat hy tot 'n ander vennootskap met so 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur toegelaat is; of
- (iv) in vennootskap is met 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur wat opgehou het om openbare praktyk in die Republiek te beoefen of met 'n persoon wie se registrasie as rekenmeester en ouditeur gekanselleer is of verval het kragtens of uit hoofde van enigeen van die bepalings van hierdie Wet, tensy hy binne ses maande daarna bewys ten genoë van die raad lewer dat sodanige vennootskap ontbind is en dat hy toegelaat is tot vennootskap met 'n ander geregistreerde rekenmeester en ouditeur wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is en wat openbare praktyk daarin beoefen; of
- (v) onderhewig word aan een of ander van die in hierdie Wet bedoelde diskwalifikasies, behalwe dié wat in subartikel 7(a) uiteengesit word.

(7) Die registrasie van enigiemand as 'n rekenmeester en ouditeur verval as so iemand –

- (a) ophou om permanent in die Republiek te woon; of
- (b) in gebreke bly om enige jaargelde of gedeelte daarvan kragtens artikel 13(1)(e) voorgeskryf of bepaal en deur hom betaalbaar, te betaal binne drie maande nadat bedoelde gelde of gedeelte daarvan betaalbaar word of binne die langer tydperk wat die raad in 'n besondere geval toelaat.

(8) (a) Behoudens die bepalings van subartikel (4) moet die raad op aansoek by hom iemand wat voorheen as rekenmeester en ouditeur ingevolge hierdie Wet geregistreer was, as rekenmeester en ouditeur registreer, indien hy die voorgeskrewe woonkwalifikasies besit en die voorgeskrewe registrasiegelde en enige agterstallige jaargelde betaal het.

(b) Paragraaf (a) is nie ten opsigte van 'n buitelandse rekenmeester en ouditeur van toepassing nie.

(9) Die raad moet, op skriftelike versoek van 'n rekenmeester en ouditeur wat as sodanig ingevolge hierdie Wet geregistreer is, sy naam in die register skrap, maar die skraping het geen uitwerking op enige aanspreeklikheid wat so 'n rekenmeester en ouditeur voor die datum van bedoelde versoek opgeloop het nie.

(10) Iemand wat ingevolge hierdie artikel as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is, kan homself as 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur beskryf en is, mits hy die jaargelde (of gedeelte daarvan) deur die raad kragtens artikel 13(1)(e) voorgeskryf of bepaal, betaal het teen die tarief van toepassing op 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur wat openbare praktyk beoefen, geregtig om homself as 'n openbare rekenmeester of 'n openbare rekenmeester en ouditeur te beskryf en om in enige deel van die Republiek openbare praktyk te beoefen.

⁽²⁾(10A) Iemand wat ingevolge hierdie artikel as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is, kan die afkorting "GRO" agter sy of haar naam aanbring.

(11) Iemand wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer was, word geag ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer te gewees het.

16. Beperkings in verband met buitelandse rekenmeesters en ouditeurs

(1) Niemand –

(a) wat ingevolge hierdie Wet as 'n buitelandse rekenmeester en ouditeur geregistreer is, mag 'n lid word nie van 'n firma waarvan meer as die helfte van die lede persone is wat as buitelandse rekenmeesters en ouditeurs geregistreer is of waarvan meer as die helfte van die lede sodanige persone sal wees indien hy lid daarvan word;

(b) wat 'n lid van 'n in paragraaf (a) bedoelde firma is, mag 'n persoon wat as 'n buitelandse rekenmeester en ouditeur geregistreer is, toelaat om 'n lid van daardie firma te word nie;

(c) mag 'n lid wees nie van 'n firma waarvan meer as die helfte van die lede persone is wat as buitelandse rekenmeesters en ouditeurs geregistreer is.

(2) Niemand wat ingevolge hierdie Wet as 'n buitelandse rekenmeester en ouditeur geregistreer is, mag, in die hoedanigheid van 'n rekenmeester en ouditeur, uit eie naam of namens die firma waarvan hy 'n lid is, 'n finansiële staat (met inbegrip van 'n bylae daarby) of ander stuk wat betrekking het op die werksaamhede in die Republiek van 'n onderneming wat kragtens die een of ander wet in die Republiek geregistreer of ingestel is of wat besigheid in die Republiek dryf, sertifiseer nie of 'n verslag of mening daarvoor verstrek nie.

17. Vrystelling van sekere buitelandse rekenmeesters en ouditeurs

(1) Die raad kan op die voorwaardes wat hy bepaal iemand wat gewoonlik

woonagtig is in 'n buurstaat van die Republiek en ingevolge hierdie Wet as 'n buitelandse rekenmeester en ouditeur geregistreer is of begerig is om as sodanig geregistreer te word, onthef van enige van of al die bepalings van artikel 15(3)(b)(ii) en (iii) en 6(ii), (iii) en (iv) en 16 vir sover sodanige bepalings op so iemand van toepassing is.

(2) 'n Vrystelling in subartikel (1) bedoel, kan deur die raad ingetrek word deur die vrystelnde persoon ses maande skriftelike kennis van die intrekking van sy vrystelling te gee. Met dien verstande dat die vrystelling van iemand wat 'n voorwaarde van sy vrystelling oortree het of versuim het om daaraan te voldoen summier deur die raad ingetrek kan word.

18. Opleidingskontrakte

(1) Geen diens onder opleidingskontrak aangegaan na die inwerkingtreding van hierdie Wet word vir die doeleindes van hierdie Wet erken nie tensy sodanige opleidingskontrak by die raad geregistreer is, en geen opleidingskontrak word aldus geregistreer nie tensy die persoon of firma by wie diens daaronder verrig moet word die toestemming van die raad verkry het om 'n leerlingrekenmeester in diens te neem.

(2) Diens onder 'n opleidingskontrak word van tyd tot tyd deur die raad voorgeskryf.

19. Eksamens

(1) Die eksamens waarin persone moet slaag ten einde as rekenmeesters en ouditeurs geregistreer te kan word, moet van tyd tot tyd deur die raad voorgeskryf word.

(2) Die raad kan, in plaas van self 'n eksamen af te neem wat deur hom voorgeskryf is, reëlings tref om so 'n eksamen of enige deel daarvan deur een of meer universiteite of inrigtings wat die Minister goedkeur namens die raad te laat afneem, en kan die voorwaardes bepaal waarop bedoelde eksamen aldus afgeneem moet word.

(3) Die raad kan van enige persoon wat begerig is om vir een of ander van die eksamens wat deur die raad voorgeskryf is, in te skryf, verlang om, as 'n voorvereiste voordat hy aldus inskryf, aan 'n universiteit in die Republiek die graad, diploma of sertifikaat te verwerf wat die raad bepaal of in die eksamens wat deur 'n universiteit in die Republiek afgeneem word, te slaag wat die raad bepaal.

(4) Iemand wat inskryf as kandidaat vir 'n eksamen in hierdie artikel bedoel, moet aandui of hy die eksamen in Engels of Afrikaans wil ondergaan, en alle eksamenvraestelle moet in die taal aldus aangedui aan so iemand verskaf en kan daarin deur hom beantwoord word.

(5) Die raad kan vrystelling verleen van die verpligting om 'n eksamen wat in hierdie artikel bedoel word, te slaag, aan iemand wat –

(a) buite die Republiek geslaag het in 'n eksamen wat deur die raad voorgeskryf of goedgekeur is;

(b) 'n graad, uitgesonderd 'n eregraad, universiteitsdiploma of universiteit-sertifikaat wat deur die raad voorgeskryf of goedgekeur is, verwerf het:

Met dien verstande dat –

- (i) so 'n persoon nie as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer word nie totdat hy in die eksamen in die rege van die Republiek geslaag het wat die raad bepaal;
- (ii) niemand toegelaat word om sodanige eksamen af te lê nie tensy hy bewys ten genoeg van die raad verstrekket dat hy permanent woonagtig is in die Republiek, die Republiek van Bophuthatswana, die Republiek van Ciskei, die Republiek van Venda of die Republiek van Namibië;
- (iii) vrystelling verleen word slegs ten opsigte van die gedeelte of gedeeltes van die eksamens wat die raad goedvind.

20. Bevoegdhede en pligte van ouditeurs

(1) Niemand wat in die hoedanigheid van ouditeur van enige onderneming optree, mag, sonder die voorbehoud wat na gelang van omstandighede gepas is, na aanleiding van 'n ouditering deur hom in daardie hoedanigheid uitgevoer, sertifiseer of verslag doen of 'n mening uitspreek nie ten effekte dat 'n finansiële staat, met inbegrip van 'n bylae daarby, wat op daardie onderneming betrekking het, 'n redelike voorstelling is, of 'n ware en redelike uiteensetting bied, of 'n juiste weergawe is, van die sake van daardie onderneming en die resultate van sy bedryf, of van die aangeleenthede wat in bedoelde finansiële staat of bylae behandel word, na gelang die omstandighede vereis, tensy –

- (a) hy bedoelde ouditering uitgevoer het sonder enige beperkings hoegenaamd;
- (b) behoorlike rekeningkundige aantekeninge in een van die amptelike tale van die Republiek in verband met die betrokke onderneming gehou is wat al sy transaksies korrek en op afdoende wyse weergee en verduidelik en al sy bates en laste aldus vermeld;
- (c) hy al die inligting, bewysstukke en ander dokumente wat volgens sy oordeel nodig was vir die behoorlike verrigting van sy pligte verkry het;
- (d) in die geval van 'n onderneming wat deur 'n wet gereël word, hy aan al die vereistes van daardie wet met betrekking tot die ouditering van daardie onderneming voldoen het;
- (e) hy homself, deur middel van metodes wat met inagneming van die aard van die betrokke onderneming redelikerwys gepas is, daarvan vergewis het dat al die bates en laste wat op daardie finansiële staat of bylae getoon word, wel bestaan;
- (f) hy homself, vir sover redelikerwys doenlik met inagneming van die aard van die betrokke onderneming en van die ouditering deur hom uitgevoer, vergewis het van die redelikheid of die waarheid of die juistheid, na gelang van die geval, van bedoelde finansiële staat of bylae;
- (g) enige aangeleentheid in subartikel (5) bedoel, op die datum waarop hy aldus gesertifiseer of verslag gedoen het of so 'n mening uitgespreek het, na sy goeddunke in die reine gebring was.

(2) Geen rekenmeester of ouditeur mag sonder die voorbehoud wat onder die omstandighede gepas is, wanneer hy anders optree as na aanleiding van 'n ouditering,

sertifiseer of verslag doen of 'n mening uitspreek nie ten effekte dat 'n rekening, finansiële staat (met inbegrip van 'n bylae daarby) of ander dokument met betrekking tot die sake of finansiële aangeleenthede van 'n onderneming 'n redelike voorstelling is, of 'n ware en redelike uiteensetting bied, of 'n juiste weergawe is, van die aangeleenthede wat daarin behandel word, tensy hy *mutatis mutandis* die bepalinge van subartikel 1(a), (c) en (f) nagekom het.

(3) Indien 'n rekenmeester of ouditeur of sy vennoot of iemand wat by hom of sy vennoot in diens is of iemand wat onder sy toesig en beheer of onder die toesig en beheer van sy vennoot werk, verantwoordelik was vir die hou van die boeke, registers of rekenings van 'n onderneming, behalwe deur afsluitingsinskrywings te doen of hulp te verleen by die doen van aansuiweringsinskrywings of die opstel van 'n balansstaat, rekening, staat of ander dokument volgens bestaande stukke, moet dié rekenmeester en ouditeur wanneer hy iets in verband met die sake of finansiële aangeleenthede van die onderneming sertifiseer of daarvoor verslag doen aandui dat, na gelang van die geval, hy of sy vennoot of iemand wat by hom of sy vennoot in diens is of iemand wat onder sy toesig en beheer of onder die toesig en beheer van sy vennoot werk, verantwoordelik was vir die hou van die boeke, registers of rekenings.

(4) 'n Sertifikaat wat deur 'n rekenmeester en ouditeur in sy hoedanigheid as rekenmeester en ouditeur gegee of 'n verslag wat deur hom uitgebring of 'n mening wat deur hom uitgespreek moet word na aanleiding van 'n opdrag deur hom uitgevoer, moet binne 'n tydperk van vier maande na die datum waarop die opdrag uitgevoer is, gegee of uitgebring of uitgespreek word, en indien die rekenmeester en ouditeur nie in staat is om 'n sertifikaat, verslag of mening sonder voorbehoud te gee of uit te bring of uit te spreek nie, moet hy binne genoemde tydperk daardie sertifikaat gee of daardie verslag uitbring of daardie mening uitspreek behoudens die voorbehoude wat hy nodig ag, en kan hy, indien hy dit raadsaam ag, op daardie sertifikaat, verslag of mening die redes vir so 'n voorbehoud endosseer.

(5) (a) Indien iemand wat in die hoedanigheid van ouditeur van 'n onderneming optree, oortuig is of rede het om te glo dat by die bestuur van die sake van die onderneming 'n wesenlike onreëlmatigheid plaasgevind het of plaasvind wat geldelike verlies aan die onderneming of aan enige van sy lede of krediteure berokken het of waarskynlik sal berokken, stuur hy onverwyld aan die persoon in beheer van daardie onderneming 'n skriftelike verslag waarin besonderhede van die onreëlmatigheid aangegee word en terselfdertyd vestig hy die aandag van die persoon in beheer op die bepalinge van paragrawe (b) en (c) en versoek hy hom om skriftelik ontvangs van die verslag te erken.

(b) Tensy binne 30 dae nadat 'n ouditeur so 'n verslag afgestuur het, hy oortuig is dat geen sodanige onreëlmatigheid plaasgevind het of plaasvind nie of dat doeltreffende stappe gedoen is om enige sodanige verlies wat aldus berokken is, te verhaal of om enige sodanige verlies wat waarskynlik aldus berokken sal word, te voorkom, verstrekk hy

onverwyld aan die raad afskrifte van die verslag en van enige ontvangserkenning daarvan of antwoord daarop en die ander besonderhede wat hy goedvind.

- ⁽²⁾(c) Die raad kan aan 'n prokureur-generaal of die Registrateur van Banke of 'n beampte in die staatsdiens of 'n lid of krediteur van die betrokke onderneming of enige regspersoon van wie die onderneming 'n lid is of wat beheer oor die onderneming het of wat bevoeg is om dissiplinêre stappe teen die onderneming te doen, of aan die komitee van enige effektebeurs waarop aandele van die onderneming genoteer word, of, indien dit na die raad se mening in die beste belang van die publiek is, aan enige ander persoon, instelling of liggaam enige inligting openbaar wat ingevolge paragraaf (b) aan die raad verstrek is.
- (d) Ten einde te bepaal of 'n onreëlmatigheid in hierdie subartikel beoog, plaasgevind het of plaasvind, kan 'n ouditeur die ondersoek instel wat hy goedvind.
- (e) Hierdie subartikel word nie so vertolk dat dit aan enigiemand 'n reg verleen om 'n eis teen 'n ouditeur in te stel wat hy by ontstentenis van hierdie subartikel nie sou gehad het nie.
- (6) (a) Indien iemand wat in die hoedanigheid van ouditeur van 'n onderneming opgetree het onmiddellik voor die sekwestrasie of likwidasie (hetsy voorlopig of finaal) daarvan, oortuig is of rede het om te glo dat daar op of voor die datum van die sekwestrasie of likwidasie 'n wesenlike onreëlmatigheid by die bestuur van die sake van die onderneming besig was om plaas te vind of plaasgevind het wat geldelike verlies aan die onderneming of aan enige van sy lede of krediteure berokken het of waarskynlik sal berokken, en bedoelde persoon nie voor genoemde datum met betrekking tot daardie onreëlmatigheid aan die bepalings van subartikel (5)(a) voldoen het nie, stuur hy onverwyld 'n skriftelike verslag, waarin besonderhede van die onreëlmatigheid aangegee word, aan die persoon aangestel as trustee of voorlopige trustee of as likwidateur of voorlopige likwidateur, na gelang van die geval, van daardie onderneming, en verskaf hy terselfdertyd afskrifte van daardie verslag aan die persoon in beheer van daardie onderneming en aan die raad.
- (b) Indien iemand wat in die hoedanigheid van ouditeur van 'n onderneming opgetree het onmiddellik voor die sekwestrasie of likwidasie (hetsy voorlopig of finaal) daarvan en wat nie ingevolge subartikel (5)(a) gehandel het of ingevolge paragraaf (a) van hierdie subartikel 'n skriftelike verslag gestuur het nie, te eniger tyd skriftelik daartoe versoek word deur die persoon aangestel as kurator of voorlopige kurator of as likwidateur of voorlopige likwidateur, na gelang van die geval, van daardie onderneming, moet hy onverwyld die persoon wat bedoelde

versoek doen, in kennis stel of 'n skriftelike verslag by paragraaf (a) van hierdie subartikel vereis word al dan nie, en in die geval waar hy die persoon wat bedoelde versoek doen, in kennis stel dat sodanige verslag wel aldus vereis word, moet hy onverwyld die verslag aan hom stuur, en terselfdertyd afskrifte van daardie verslag aan die persoon in beheer van daardie onderneming en aan die raad verskaf.

(c) Die bepaling van subartikel (5)(c) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot inligting wat ingevolge paragraaf (a) van hierdie subartikel aan die raad verstrek is, en die bepaling van subartikel (5)(e) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot enige bepaling van hierdie subartikel.

(7) 'n Ouditeur moet by die verrigting van 'n plig bedoel in subartikels (5) en (6) die inligting wat tot sy kennis kom in sy hoedanigheid van ouditeur van 'n onderneming en alle inligting wat vanuit enige bron tot sy kennis kom, in ag neem.

(8) Indien iemand wat ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is –

(a) versuim om die pligte wat in sy hoedanigheid van ouditeur van 'n onderneming op hom rus, met die mate van versigtigheid en bedrewenheid te verrig wat volgens die raad se oordeel redelikerwys verwag kan word; of

(b) by die verrigting van bedoelde pligte nalatig is,

kan die raad, hetsy bedoelde ouditeur ten opsigte van daardie versuim of nalatigheid aan strafregtelike vervolging onderhewig is of daarvan aangekla of daaraan skuldig bevind is, al dan nie, die omstandighede ondersoek en, indien daardie versuim of nalatigheid ten genoeg van die raad bewys word, na goeddunke aan daardie persoon enige van die ingevolge artikel 13(1)(h) voorgeskrewe strawwe oplê: Met dien verstande dat so iemand nie straf deur die raad oploop weens 'n mening deur hom te goeder trou uitgespreek omtrent die waarde of bedrag van 'n bate of las wat verskyn op die balansstaat ten opsigte van die onderneming in verband waarmee die ouditering uitgevoer is, of weens sy weiering om daarvoor 'n mening uit te spreek nie, indien die raad oortuig is dat, met die oog op die aard van die betrokke bate of las of ander omstandighede, daar nie redelikerwys van bedoelde persoon verwag kon gewees het om 'n gesaghebbende mening uit te spreek nie.

(9) Ten opsigte van 'n mening uitgespreek of sertifikaat gegee of verslag of verklaring gedoen of 'n staat, rekening of dokument gesertifiseer in die gewone loop van sy pligte deur 'n persoon wat ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is –

(a) loop hy geen aanspreeklikheid op teenoor sy kliënt of 'n derde party nie, tensy bewys word dat daardie mening of daardie sertifikaat of daardie verslag of verklaring of daardie staat, rekening of dokument kwaadwillig of na aanleiding van 'n nalatige verrigting van sy pligte uitgespreek, gegee, gedoen of gesertifiseer, na gelang van die geval, is; en

(b) is hy, waar bewys word dat daardie mening of daardie sertifikaat of

daardie verslag of verklaring of daardie staat, rekening of dokument na aanleiding van 'n nalatige verrigting van sy pligte uitgespreek, gegee, gedoen of gesertifiseer, na gelang van die geval, is, teenoor 'n derde party wat hom op daardie mening, sertifikaat, verslag, verklaring, staat, rekening of dokument verlaat het, aanspreeklik vir geldelike verlies gelyk as gevolg daarvan dat die derde party hom daarop verlaat het, slegs indien bewys word dat die ouditeur of persoon aldus geregistreer –

- (i) geweet het of daar onder die bepaalde omstandighede, redelikerwys van hom verwag kon gewees het om te weet, toe die nalatigheid plaasgevind het by die verrigting van die pligte na aanleiding waarvan daardie mening uitgespreek of daardie sertifikaat gegee of daardie verslag of verklaring gedoen of daardie staat, rekening of dokument gesertifiseer is –
 - (aa) dat daardie mening, sertifikaat, verslag, verklaring, staat, rekening of dokument deur sy kliënt gebruik sou word om die derde party oor te haal om op een of ander wyse op te tree of nie op te tree nie of om die besondere transaksie wat die derde party aangegaan het of 'n ander transaksie van soortgelyke aard met die kliënt of iemand anders aan te gaan; of
 - (bb) dat die derde party hom op daardie mening, sertifikaat, verslag, verklaring, staat, rekening of dokument sou verlaat met die doel om op een of ander wyse op te tree of nie op te tree nie of om die besondere transaksie wat die derde party aangegaan het of 'n ander transaksie van soortgelyke aard, met die kliënt of iemand anders aan te gaan; of
- (ii) te eniger tyd nadat daardie mening uitgespreek of daardie sertifikaat gegee of daardie verslag of verklaring gedoen of daardie staat, rekening of dokument gesertifiseer is, op enige wyse aan die derde party te kenne gegee het dat daardie mening, sertifikaat, verslag, verklaring, staat, rekening of dokument juis was, terwyl hy op daardie tydstip geweet het of daar op daardie tydstip onder die bepaalde omstandighede redelikerwys van hom verwag kon gewees het om te weet dat die derde party hom sou verlaat op wat aldus te kenne gegee is, met die doel om op die een of ander wyse op te tree of nie op te tree nie of om die besondere transaksie wat die derde party aangegaan het of 'n ander transaksie van soortgelyke aard, met die kliënt of iemand anders aan te gaan.

⁽¹⁾(9A) Subartikel (9) word nie so vertolk dat dit aan enigiemand 'n reg verleen om 'n eis teen 'n ouditeur in te stel wat hy by ontstentenis van daardie subartikel nie sou gehad het nie.

(10) By die toepassing van paragraaf (b) van subartikel (9) is die feit dat 'n ouditeur of persoon in daardie paragraaf bedoel die werksaamhede van 'n

rekenmeester of ouditeur verrig het, op sigself nie bewys nie dat daar redelikerwys van hom verwag kon gewees het om te weet dat –

- (a) sy kliënt sou optree soos in paragraaf (i)(aa) van genoemde paragraaf (b) beoog; of
 - (b) die derde party sou optree soos in subparagraaf (i)(bb) of (ii) van genoemde paragraaf (b) beoog.
- (11) Die bepalinge van paragraaf (b) van subartikel (9) raak nie –
- (a) enige aanspreeklikheid van 'n ouditeur of 'n persoon in daardie subartikel bedoel wat voortspruit uit –
 - (i) 'n kontrak tussen 'n derde party en daardie ouditeur of persoon nie; of
 - (ii) enige statutêre bepaling nie; of
 - (b) enige uitsluiting van aanspreeklikheid deur 'n ouditeur of 'n persoon in daardie subartikel bedoel nie
- (12) By die toepassing van subartikel (9), (10) of (11) beteken –
“derde party” enigiemand behalwe die betrokke kliënt, en ook 'n lid van 'n kliënt wat 'n maatskappy of buitelandse maatskappy (soos omskryf in artikel I van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973)), is of wat 'n ander regs persoon is; “kliënt” die persoon vir wie 'n ouditeur of 'n persoon in subartikel (9) bedoel, of sy firma, die betrokke pligte verrig het.

21. Sakebedryf

(1) 'n Openbare rekenmeester kan openbare praktyk alleen of in vennootskap met ander openbare rekenmeesters beoefen.

(2) Persone wat ingevolge hierdie Wet as rekenmeesters en ouditeurs geregistreer is en openbare praktyk beoefen, kan ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), 'n maatskappy instel om deur sy lede openbare praktyk te beoefen, mits –

- (a) die maatskappy ingevolge die Maatskappywet, 1973, as 'n maatskappy ingelyf en geregistreer is, met 'n aandeelkapitaal, en sy akte van oprigting bepaal dat sy direkteure en gewese direkteure saam met die maatskappy gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir sy skulde en laste wat tydens hul ampstermyn opgehoop het;
- (b) slegs natuurlike persone wat openbare rekenmeesters is lede of aandeelhouers van die maatskappy is of 'n belang in sy aandele het;
- (c) elke aandeelhouer van die maatskappy 'n openbare rekenmeester en 'n direkteur daarvan is en slegs sodanige aandeelhouer 'n direkteur daarvan is;
- (d) in die geval waar 'n aandeelhouer van die maatskappy of 'n persoon wat 'n belang by die aandele daarvan het, sterf of ophou om aan 'n vereiste van paragraaf (b) te voldoen, sy boedel of hy, na gelang van die geval, kan voortgaan om die betrokke aandele of belang te hou vir 'n tydperk van ses maande vanaf die datum van die dood of waarop hy ophou om aldus te voldoen of vir die langer tydperk wat die raad goedkeur;

- (e) 'n aandeel beoog in paragraaf (d) geen stemregte meebring nie, en 'n aandeelhouer daarin genoem nie optree as 'n direkteur van die maatskappy nie of regstreeks of onregstreeks direkteursgelde of vergoeding ontvang nie of deel in die inkomste van of winste deur die maatskappy in sy saak verwerf nie;
- (f) die maatskappy, indien sy statute aldus bepaal en sonder bevestiging deur 'n hof, op die voorwaardes wat hy dienstig ag enige aandele in hom kan aankoop sonder dat sy gemagtigde aandeelkapitaal daardeur verminder word;
- (g) aandele wat kragtens paragraaf (f) aangekoop is, beskikbaar vir toekenning ingevolge die maatskappy se statute is;
- (h) die maatskappy se statute, ondanks andersluidende bepalings van enige ander wet, bepaal dat 'n lid van die maatskappy nie 'n persoon wat nie 'n lid van die maatskappy is nie, aanstel om in sy plek 'n vergadering van die maatskappy by te woon of daarop die woord te voer of te stem nie;
- (i) die maatskappy, sodra hy ophou om te voldoen aan paragrawe (a) en (b), ophou om aldus openbare praktyk te beoefen: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie slegs weens die feit dat 'n aandeelhouer van die maatskappy of 'n persoon wat 'n belang by die aandele van die maatskappy het, opgehou het om 'n openbare rekenmeester te wees, gedurende die tydperk in paragraaf (d) bedoel of beoog, op die maatskappy van toepassing is nie.

(3) Die bepalings van artikel 20(1)(b) van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), geld nie ten opsigte van 'n maatskappy bedoel in subartikel (2) van hierdie artikel van hierdie Wet nie, indien dit 'n private maatskappy is.

22. Inligting wat deur rekenmeesters en ouditeurs verstrek moet word

(1) Elke persoon wat ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is en openbare praktyk beoefen, moet behoudens die bepalings van subartikel (3) –

- (a) die raad en elke persoon vir wie hy of sy firma as ouditeur optree, van enige verandering in die naam, samestelling of adres van die firma in kennis stel nie later nie as 14 dae na die datum waarop die verandering plaasvind: Met dien verstande dat kennis van 'n verandering in –
 - (i) die naam of adres van 'n takkantoor van 'n firma; of
 - (ii) die samestelling van 'n firma waarby 'n vennoot toegewys aan 'n takkantoor van sodanige firma in die besonder betrokke is, slegs aan die raad en die persone aan wie professionele dienste uit daardie takkantoor gelever word, gegee hoef te word; en
- (b) die volgende inligting verstrek binne 14 dae na ontvangs van 'n versoek daarvoor van 'n persoon vir wie hy of sy firma as ouditeur optree of wat voornemens is om hom of sy firma as ouditeur aan te stel, naamlik –

- (i) elke handelsnaam of benaming waaronder hy praktiseer;
- (ii) die sakeperseel of -persele van alle vennootskappe waarin hy openbare praktyk beoefen as 'n vennoot;
- (iii) die volle name van al sy vennote; en
- (iv) sy nasionaliteit, sy voorname of die voorletters daarvan, sy van en elke van wat hy vroeër gehad het en sy gewone sakeadres en sy woonadres.

(2) Wanneer twee of meer sodanige persone in vennootskap praktiseer, kan die in subartikel (1) bedoelde besonderhede verstrekkend word in 'n mededeling deur of op naam van die firma, en so 'n mededeling word geag 'n voldoende nakoming deur die individuele vennote van daardie firma van die bepalings van daardie subartikel te wees.

(3) By die toepassing van subartikel (1) beteken die uitdrukking “elke van wat hy vroeër gehad het” nie ook –

- (a) in die geval van iemand wat as kind aangeneem is, sy van voor die aanneming nie; of
- (b) in die geval van enigiemand, 'n van wat hy voorheen gehad het en wat verander is of in onbruik geraak het voordat hy die ouderdom van 18 jaar bereik het of verander is of in onbruik geraak het vir 'n tydperk van minstens 20 jaar nie; of
- (c) in die geval van 'n getroude of geskeide vrou of 'n weduwee, die van wat sy voor haar huwelik gehad het nie.

(4) Enigiemand wat ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is –

- (a) en wat nie openbare praktyk beoefen nie, stel die raad onverwyld in kennis as hy met openbare praktyk begin en van 'n verandering in sy adres;
- (b) en wat openbare praktyk beoefen, stel die raad onverwyld in kennis as hy ophou om openbare praktyk te beoefen.

(5) Die bepalings van hierdie artikel is, vir sover hulle toegepas kan word, ook van toepassing op 'n maatskappy in artikel 21(2) bedoel.

⁽¹⁴⁾22A. Inspeksie deur raad

(1) (a) Vir die doeleindes van artikel 13(p) kan die raad, of 'n persoon van tyd tot tyd deur die raad daartoe gemagtig, die praktyk van 'n rekenmeester en ouditeur nagaan en enige boek, dokument of saak in die besit of onder die beheer van 'n rekenmeester en ouditeur inspekteer.

(b) Die raad kan die koste verbonde aan 'n inspeksie in paragraaf (a) vermeld van die rekenmeester en ouditeur wie se praktyk geïnspekteer is, verhaal.

(2) 'n Rekenmeester en ouditeur moet, op die versoek van die raad, of 'n persoon deur die raad daartoe gemagtig, 'n boek, dokument of saak oorlê en mag, behoudens die bepalings van enige ander wet, nie weier om sodanige boek, dokument of saak oor te lê nie, selfs al sou hy van oordeel wees dat daardie boek, dokument of saak vertroulike inligting van sy kliënt bevat.

(3) 'n Rekenmeester en ouditeur wat gedurende die nagaan van sy praktyk of sodanige inspeksie te goeder trou optree, en wat 'n boek, dokument of saak kragtens subartikel (2) oorlê, word nie op grond daarvan strafregtelik of sivilregtelik aanspreeklik gehou nie.

(4) Iemand wat by die verrigting van 'n werksaamheid kragtens hierdie artikel betrokke is of was, mag geen inligting wat hy by die verrigting van so 'n werksaamheid verkry het, openbaar nie behalwe –

- (a) vir die doeleindes van 'n ondersoek kragtens artikel 23 of 'n verhoor kragtens artikel 24;
- (b) aan iemand deur die raad daartoe gemagtig en wat dit noodsaaklikerwys vir die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet nodig het;
- (c) indien hy iemand is wat dit noodsaaklikerwys by die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet verstrek;
- (d) wanneer hy by bevel van 'n geregshof aangesê is om dit te doen; of
- (e) op die skriftelike versoek van 'n prokureur-generaal, aan 'n bevoegde gesag wat dit vir die instelling, of 'n ondersoek met die oog op die instelling, van 'n strafregtelike vervolging nodig het.

(5) Iemand wat –

- (a) weier om 'n boek, dokument of saak kragtens subartikel (2) oor te lê;
- (b) subartikel (4) oortree; of
- (c) 'n persoon dwarsboom of hinder by die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie artikel,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.

23. Dissiplinêre bevoegdhede van raad

(1) Die raad kan 'n aantyging of klagte van onbehoorlike gedrag, hetsy voorgeskryf al dan nie, waaraan iemand wat ingevolge hierdie Wet as rekenmeester en ouditeur geregistreer is of was hom na bewering skuldig sou gemaak het terwyl hy aldus geregistreer was, ondersoek of laat ondersoek en, indien nodig, verhoor, en ten opsigte van so 'n klag enige voorgeskrewe straf oplê: Met dien verstande dat in die geval van beweerde onbehoorlike gedrag wat die onderwerp van straf- of sivilregtelike verrigtinge in 'n geregshof uitmaak, of ten opsigte waarvan die raad rede het om te glo dat dit waarskynlik so 'n onderwerp sal uitmaak, die raad die ondersoek kan uitstel tot sodanige verrigtinge afgehandel is: Met dien verstande voorts dat die bepalinge van hierdie artikel nie afbreuk doen aan die reg van 'n genootskap of 'n georganiseerde liggaam van professionele rekenmeesters om ingevolge die konstitusie en reëls van daardie genootskap of liggaam tug- of ander maatreëls op enigeen van sy lede toe te pas nie.

(2) Die raad kan iemand wat kragtens subartikel (1) straf opgelê word, beveel om die redelike koste wat die raad in verband met die ondersoek en verhoor van die betrokke klagte opgehoop het, of die deel daarvan wat die raad billik ag, te betaal: Met

dien verstande dat ten spyte daarvan dat enige rekenmeester en ouditeur wie se gedrag kragtens subartikel (1) ondersoek is, nie aan onbehoorlike gedrag skuldig bevind is, of daarvan dat geen straf hom opgelê is nie, die raad hom nogtans kan beveel om genoemde koste te dra as sy gedrag ten aansien van die ondersoek of die verhoor, na die raad se oordeel, van so 'n aard was dat die raad onnodige koste moes aangaan.

(3) Wanneer –

(a) 'n straf wat kragtens subartikel (1) opgelê is, uit 'n boete bestaan of 'n boete insluit; of

(b) 'n kostebevel kragtens subartikel (2) uitgereik is,

kan die bedrag daarvan deur die raad op die betrokke persoon verhaal word, en moet 'n bedrag aldus verhaal in die fondse van die raad gestort word.

(4) Wanneer in die loop van verrigtinge voor 'n geregshof dit aan die hof blyk dat daar *prima facie*-bewys is van onbehoorlike gedrag aan die kant van 'n persoon wat ingevolge hierdie Wet geregistreer is, of van gedrag aan die kant van so 'n persoon wat, met inagneming van die beroep van 'n rekenmeester en ouditeur, onbehoorlik is, moet die hof gelas dat 'n afskrif van die oorkonde van die verrigtinge of die gedeelte daarvan wat op sodanige gedrag betrekking het, aan die raad gestuur word.

24. Verhoor deur raad

(1) Die raad kan, vir die doeleindes van 'n verhoor kragtens artikel 23 –

(a) iemand wat na sy oordeel in staat is om inligting van wesenlike belang te verstrek omtrent die onderwerp van verhoor of wat vermoed word 'n boek, dokument of saak wat betrekking het op die onderwerp van die verhoor in sy besit of bewaring of onder sy beheer te hê, dagvaar om op 'n tyd en plek in die dagvaarding vermeld voor die raad te verskyn om ondervra te word of om daardie boek, dokument of saak oor te lê, en kan 'n boek, dokument of saak wat aldus oorgelê is, vir ondersoek behou;

(b) enige by die verhoor aanwesige persoon wat kragtens paragraaf (a) gedagvaar is of kon gewees het, oproep en, by monde van die voorsitter van die raad of van 'n ander persoon deur die raad daartoe gemagtig, aan hom 'n eed oplê of van hom 'n bevestiging aanneem, en hom ondervra en hom aansê om 'n boek, dokument of saak in sy besit of bewaring of onder sy beheer oor te lê;

(c) iemand aanstel om die raad by bedoelde verhoor te adviseer oor aangeleenthede betreffende die reg, prosedure en bewyslewering, en wat met die toestemming van die voorsitter van die raad enige by die verhoor aanwesige persoon kan ondervra.

(2) 'n Dagvaarding van iemand om voor die raad te verskyn of om 'n boek, dokument of saak oor te lê, moet in die vorm wees wat die raad voorskryf, moet deur die voorsitter van die raad of 'n deur die raad daartoe gemagtigde persoon onderteken word, en moet beteken word op dieselfde wyse as dié waarop dit beteken sou gewees het indien dit 'n getuiedagvaarding was in 'n siviele aangeleentheid in 'n landdroshof.

(3) Indien iemand wat behoorlik kragtens hierdie artikel gedagvaar is, sonder genoegsame rede in gebreke bly om op die in die dagvaarding vermelde tyd en plek te verskyn, of om aanwesig te bly totdat die voorsitter van die raad hom van verdere bywoning onthef, of indien iemand wat kragtens subartikel (1)(b) opgeroep is, weier om as getuie beëdig te word of om te bevestig, of sonder genoegsame rede versuim om volledig en bevredigend na sy beste kennis en geloof te antwoord op alle vrae wettig aan hom gestel oor die onderwerp van die verhoor, of om enige boek, dokument of saak in sy besit of bewaring of onder sy beheer oor te lê wat hy aangesê is om oor te lê, is hy aan 'n misdryf skuldig: Met dien verstande dat in verband met die ondervraging van so 'n persoon of die oorlegging van so 'n boek, dokument of saak, die regs-bepalings met betrekking tot privilegie, soos van toepassing op 'n getuie wat gedagvaar is om voor 'n geregshof getuienis af te lê of 'n boek, dokument of saak oor te lê, van toepassing is.

(4) 'n Getuie wat, nadat hy behoorlik beëdig is of 'n bevestiging gedoen het, 'n valse antwoord gee op 'n vraag wat wettig aan hom gestel is of 'n valse verklaring doen oor enige aangeleentheid, wetende dat daardie antwoord of verklaring vals is, is aan 'n misdryf skuldig.

(5) Iemand wat die voorsitter of 'n lid of amptenaar van die raad opsetlik hinder by die uitoefening van 'n bevoegdheid deur of kragtens hierdie artikel aan hom verleen, is aan 'n misdryf skuldig.

(6) Daar moet aan iemand wie se gedrag deur die raad ondersoek word, kennis gegee word van die aard van die klag wat teen hom gebring is, en so iemand is geregtig om persoonlik te verskyn of deur iemand anders wat skriftelik en behoorlik namens hom daartoe gemagtig is, verteenwoordig te word, en om getuienis aan te voer, getuies namens homself op te roep en te ondervra en ander getuies onder kruisverhoor te neem.

(7) Iemand wat weens 'n misdryf kragtens hierdie artikel skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete van hoogstens R2 000.

25. Skorsing van geregistreerde rekenmeesters en ouditeurs wat geestelik versteurd is

(1) Wanneer dit uit beëdigde inligting vir die raad blyk dat iemand wat ingevolge hierdie Wet as rekenmeester en ouditeur geregistreer is, in so 'n mate geestelik versteurd geraak het dat dit in stryd met die openbare welsyn sou wees om hom toe te laat om aan te hou praktiseer, kan die raad na goëddunke ten opsigte van so iemand 'n ondersoek instel *mutatis mutandis* ooreenkomstig die bepalinge van artikel 24.

(2) Indien die raad bevind dat so iemand aldus geestelik versteurd geraak het, kan die raad vir 'n vermelde tydperk die skorsing van so iemand in sy praktyk as openbare rekenmeester beveel.

(3) Die raad kan die geldingstydperk van 'n bevel kragtens hierdie artikel uitgereik, vir 'n tydperk deur die raad bepaal, verleng of so 'n bevel intrek.

⁽³⁾

26. Privileges van raad

Die raad of 'n lid of amptenaar daarvan is nie aanspreeklik ten opsigte van 'n handeling of plig te goeder trou ooreenkomstig die bepalings van artikel 13(1)(o), 20, 22, 23 of 24 verrig nie.

27. Misdrywe en strawwe

(1) Niemand wat ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is, mag –

- (a) behalwe met toestemming van die raad –
 - (i) enigiemand terwyl so iemand kragtens 'n bepaling van hierdie Wet van openbare praktyk geskors is; of
 - (ii) enigiemand wat nie ingevolge hierdie Wet as rekenmeester en ouditeur geregistreer is nie en wat voorheen aldus geregistreer was; of
 - (iii) enigiemand wat nie ingevolge hierdie Wet as rekenmeester en ouditeur geregistreer is nie en wat die raad uit hoofde van die bepalings van artikel 15(4) geweier het om te registreer, wens in verband met sy praktyk in diens hê nie;
- (b) enige gedeelte van professionele gelde deur hom verdien ten opsigte van werk deur hom verrig as rekenmeester en ouditeur oormak aan, of deel met, enige persoon (behalwe iemand wat ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is of wat buite die Republiek as 'n rekenmeester en ouditeur praktiseer) nie;
- (c) winste deel wat van sy praktyk as 'n rekenmeester en ouditeur in die Republiek verkry is, of in die Republiek praktiseer in vennootskap, met 'n persoon wat nie ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is nie;
- (d) onder 'n handelsnaam of benaming praktiseer nie tensy op elke brief wat daardie handelsnaam of benaming dra daar verskyn –
 - (i) sy huidige voorname, of voorletters, en van; of
 - (ii) in die geval van 'n vennootskap –
 - (aa) minstens die huidige voorname, of voorletters, en vanne van die besturende vennote of, indien daar nie besturende vennote is nie, van die aktiewe vennote, of waar so 'n brieffhoof slegs deur 'n takkantoor van die vennootskap gebruik word, minstens die huidige voorname, of voorletters, en vanne van die besturende vennote by daardie takkantoor of, indien daar nie sodanige besturende vennote is nie, van die resident-vennote by daardie takkantoor of, indien daar nie sodanige resident-vennote is nie, van die vennote toegewys aan daardie takkantoor; en

- (bb) indien 'n vennoot bedoel in subparagraaf (aa) nie gewoonlik in die Republiek woonagtig is nie, 'n dienooreenkomstige verklaring en die naam van die land waarin daardie vennoot gewoonlik woonagtig is;
- (e) 'n rekening, staat, verslag of ander dokument onderteken wat werk deur hom verrig, heet weer te gee nie, tensy die werk deur hom of onder sy persoonlike toesig of beheer of deur of onder die persoonlike toesig of beheer van een of meer van sy vennote verrig is: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie ten opsigte van werk wat ten behoeve van 'n persoon wat ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is, verrig word deur 'n ander persoon aldus geregistreer of ten opsigte van werk buite die Republiek verrig deur 'n lid van 'n georganiseerde liggaam van professionele rekenmeesters buite die Republiek waarvan die status volgens die raad se oordeel minstens gelyk is aan wat die raad van die beroep binne die Republiek vereis: Met dien verstande voorts dat die bepalings van hierdie paragraaf nie belet dat 'n persoon wat ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is die handelsnaam of benaming waaronder hy praktiseer, teken nie;
- (f) professionele werk verrig nie in verband met enige aangeleentheid wat die onderwerp van 'n geskil of regsgeding uitmaak, op voorwaarde dat betaling vir sodanige werk sal geskied slegs indien bedoelde geskil of geding gunstig verloop vir die persoon vir wie die werk verrig word;
- (g) openbare praktyk beoefen nie gedurende enige tydperk waartydens hy van praktyk geskors is;
- (h) openbare praktyk beoefen nie sonder dat hy gedek is deur die professionele skadeloosstellingsversekering wat deur die raad voorgeskryf is.

(2) By die toepassing van artikel 171 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), met betrekking tot 'n maatskappy bedoel in artikel 21(2) van hierdie Wet, word dit as voldoende beskou indien 'n geskrif in eersgenoemde artikel bedoel wat van 'n takkantoor van so 'n maatskappy uitgaan, die vereiste besonderhede bevat ten opsigte van direkteure wat aan hierdie takkantoor verbonde is.

(3) Iemand wat 'n bepaling van hierdie Wet oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en, waar daar nie 'n ander straf voorgeskryf is nie, by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R4 000.

28. Herroeping van wette, en voorbehoude

(1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), word die wette vermeld in die Bylae hierby herroep in die mate uiteengesit in die derde kolom van die Bylae.

(2) Enigiets gedoen kragtens 'n bepaling van 'n wet wat deur subartikel (1) herroep word, en wat kragtens 'n bepaling van hierdie Wet gedoen sou kon word, word gegag kragtens laasgenoemde bepaling gedoen te gewees het.

(3) Met 'n aangeleentheid in verband waarmee enigiets kragtens 'n wet in subartikel (1) vermeld, uitgesonderd die Wet op die Transvaalse en Natalse Genootskappe van Geoktrooieerde Rekenmeesters, 1968 (Wet No. 66 van 1968), voor die inwerkingtreding van hierdie Wet gedoen is of enigiets wat met so 'n aangeleentheid in verband staan of wat nodig is om in verband met so 'n aangeleentheid gedoen te word of wat daaruit voortvloei, word daar vanaf genoemde inwerkingtreding gehandel ingevolge die tersaaklike bepalings van hierdie Wet.

29. Kort titel en inwerkingtreding

(1) Hierdie Wet heet die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991, en die bepalings daarvan tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Verskillende datums kan aldus ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal word.

(3) 'n Verwysing in hierdie Wet na die inwerkingtreding daarvan word uitgelê as 'n verwysing na die toepaslike datum wat aldus bepaal is.

**BYLAE
WETTE HERROEP**

No. en jaar van wet	Kort titel	In hoeverre herroep
Wet No. 51 van 1951	Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951	Die geheel
Wet No. 47 van 1956	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1956	Die geheel
Wet No. 64 van 1957	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1957	Die geheel
Wet No. 30 van 1962	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1962	Die geheel
Wet No. 68 van 1965	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1965	Die geheel
Wet No. 66 van 1968	Wet op die Transvaalse en Natalse Genootskappe van Geoktrooieerde Rekenmeesters, 1968	Die geheel
Wet No. 80 van 1971	Algemene Regswysigingswet, 1971	Artikels 15 en 16
Wet No. 61 van 1973	Maatskappywet, 1973	Artikel 275(1) (e)
Wet No. 53 van 1975	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1975	Die geheel
Wet No. 91 van 1979	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1979	Die geheel
Wet No. 42 van 1982	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1982	Die geheel
Wet No. 12 van 1983	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1983	Die geheel
Wet No. 48 van 1984	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1984	Die geheel
Wet No. 51 van 1985	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1985	Die geheel
Wet No. 45 van 1986	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1986	Die geheel
Wet No. 9 van 1988	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1988	Die geheel
Wet No. 92 van 1988	Wysigingswet op Rekenmeesters en Ouditeurs en Finansiële Instellings, 1988	Artikels 1 en 2
Wet No. 3 van 1990	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1990	Die geheel

**(1)WYSIGINGSWET OP OPENBARE
REKENMEESTERS EN OUDITEURS, 1993
WET 70 VAN 1993**

Tot wysiging van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991, ten einde die algemene bevoegdthede van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad verder te reël; verdere voorsiening te maak vir die beperking van aanspreeklikheid van ouditeurs; en vir 'n sekere inspeksie deur daardie Raad voorsiening te maak; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 17 Junie 1993.)*

Datum van invoering: 25 Junie 1993

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:-

1. Wysiging van artikel 13 van Wet 80 van 1991

Artikel 13 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991, word hierby gewysig deur paragraaf (p) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(p)stappe doen wat die raad dienstig ag vir die handhawing van die integriteit, die verhoging van die status, en die handhawing en verbetering van die standaard van professionele kwalifikasies en van die bekwaamheid, van rekenmeesters en ouditeurs, en navorsing aangaande vraagstukke in verband met enige aangeleentheid wat op die beroep van rekeningkunde betrekking het, aanmoedig;”

2. Wysiging van artikel 20 van Wet 80 van 1991

Artikel 20 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991, word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (9) in te voeg:

“(9A) Subartikel (9) word nie so vertolk dat dit aan enigiemand 'n reg verleen om 'n eis teen 'n ouditeur in te stel wat hy by ontstentenis van daardie subartikel nie sou gehad het nie.”

3. Invoeging van artikel 22A in Wet 80 van 1991

Die volgende artikel word hierby in die Wet op Openbare Rekenmeesters- en Ouditeurs, 1991, na artikel 22 ingevoeg:

“22A. Inspeksie deur raad

(1) Vir die doeleindes van artikel 13(p) kan die raad, of ’n persoon van tyd tot tyd deur die raad daartoe gemagtig, die praktyk van ’n rekenmeester en ouditeur nagaan en enige boek, dokument of saak in die besit of onder die beheer van ’n rekenmeester en ouditeur inspekteer.

(2) ’n Rekenmeester en ouditeur moet, op die versoek van die raad, of ’n persoon deur die raad daartoe gemagtig, ’n boek, dokument of saak oorlê en mag, behoudens die bepalings van enige ander wet, nie weier om sodanige boek, dokument of saak oor te lê nie, selfs al sou hy van oordeel wees dat daardie boek, dokument of saak vertroulike inligting van sy kliënt bevat.

(3) ’n Rekenmeester en ouditeur wat gedurende die nagaan van sy praktyk of sodanige inspeksie te goeder trou optree, en wat ’n boek, dokument of saak kragtens subartikel (2) oorlê, word nie op grond daarvan strafregtelik of sivilregtelik aanspreeklik gehou nie.

(4) Iemand wat by die verrigting van ’n werksaamheid kragtens hierdie artikel betrokke is of was, mag geen inligting wat hy by die verrigting van so ’n werksaamheid verkry het, openbaar nie behalwe –

- (a) vir die doeleindes van ’n ondersoek kragtens artikel 23 of ’n verhoor kragtens artikel 24;
- (b) aan iemand deur die raad daartoe gemagtig en wat dit noodsaaklikerwys vir die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet nodig het;
- (c) indien hy iemand is wat dit noodsaaklikerwys by die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet verstrek;
- (d) wanneer hy by bevel van ’n geregshof aangesê is om dit te doen; of
- (e) op die skriftelike versoek van ’n prokureur-generaal, aan ’n bevoegde gesag wat dit vir die instelling, of ’n ondersoek met die oog op ’n instelling, van ’n strafregtelike vervolging nodig het.

(5) Iemand wat –

- (a) weier om ’n boek, dokument of saak kragtens subartikel (2) oor te lê;
- (b) subartikel (4) oortree; of
- (c) ’n persoon dwarsboom of hinder by die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie artikel,

is aan ’n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met ’n boete, of met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens een jaar.”

4. Kort titel

Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1993.

**(2)WYSIGINGSWET OP OPENBARE
REKENMEESTERS EN OUDITEURS, 1995
WET 23 VAN 1995**

Tot wysiging van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991, ten einde sekere verouderde uitdrukkings te vervang; die vereistes vir registrasie as rekenmeester en ouditeur verder te reël; en om die bevoegdheid uit te brei van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad om sekere inligting te openbaar; om voorsiening te maak vir die herroeping van sekere wette; om voorsiening te maak vir die toepassing van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991, oral in die Republiek; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

*(Afrikaanse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 10 Julie 1995.)*

Datum van invoering: 10 November 1995

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:-

1. Wysiging van artikel 4 van Wet 80 van 1991

Artikel 4 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b)indien hy te eniger tyd (in die Republiek of elders) skuldig bevind is aan diefstal, bedrog, vervalsing of die uitgifte van ’n vervalste stuk, meened, ’n misdryf kragtens die [**Wet op die Voorkoming van Korruptsie, 1958 (Wet No. 6 van 1958)**] Wet op Korrupsie, 1992 (Wet No. 94 van 1992), of ’n misdryf waarby oneerlikheid betrokke is, en daarvoor gestraf is met gevangenisstraf sonder die keuse van ’n boete of met ’n boete van meer as R300; [of]”.

2. Wysiging van artikel 15 van Wet 80 van 1991

Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig –

(a) deur in subartikel (2) na paragraaf (c) die volgende paragraaf in te voeg:

“(d) ’n gepaste en geskikte persoon is om as ’n rekenmeester en ouditeur geregistreeer te word.”; en

(b) deur na subartikel (10) die volgende subartikel in te voeg:

“(10A) Iemand wat ingevolge hierdie artikel as ’n rekenmeester en ouditeur geregistreeer is, kan die afkorting ‘GRO’ agter sy of haar naam aanbring.”

3. **Wysiging van artikel 20 van Wet 80 van 1991, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 70 van 1993**

Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (c) van subartikel (5) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(c) Die raad kan aan ’n prokureur-generaal of die Registrateur van [**Deposito - nemende Instellings**] Banke of ’n beampte in die staatsdiens of ’n lid of krediteur van die betrokke onderneming of enige regs persoon van wie die onderneming ’n lid is of wat beheer oor die onderneming het of wat bevoeg is om dissiplinêre stappe teen die onderneming te doen, of aan die komitee van enige effektebeurs waarop aandele van die onderneming genoteer word, of, indien dit na die raad se mening in die beste belang van die publiek is, aan enige ander persoon, instelling of liggaam enige inligting openbaar wat ingevolge paragraaf (b) aan die raad verstrek is.”

4. **Herroeping van wette, uitbreiding van toepassing van Wet 80 van 1991, en voorbehoud**

(1) Behoudens artikel 5 word die wette genoem in die tweede kolom van die Bylae, soos onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Grondwet van krag in die onderskeie gebiede van die nasionale grondgebied van die Republiek aangetoon in die vierde kolom van die Bylae, hierby herroep in die mate aangetoon in die derde kolom van die Bylae.

(2) Die Hoofwet, soos onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet van krag in die nasionale grondgebied van die Republiek met uitsluiting van die gebiede wat die voormalige Republieke van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei uitgemaak het en die gebiede wat die gebiede uitgemaak het wat kragtens artikel 26 van die Grondwet van die Selfregerende Gebiede, 1971 (Wet No. 21 van 1971), tot selfregerende gebiede verklaar is, is van toepassing ook in daardie gebiede.

(3) Enigiets wat gedoen is kragtens ’n wet herroep ingevolge subartikel (1) en wat kragtens ’n bepaling van die Hoofwet gedoen sou kon word, word geag kragtens laasgenoemde bepaling gedoen te wees.

5. **Oordrag van bates, laste, regte en verpligtinge van die Transkeise “Public Accountants’ and Auditors’ Board”**

Alle bates, laste, regte en verpligtinge van die “Public Accountants’ and Auditors’ Board” ingestel by artikel 2 van die Transkeise “Public Accountants’ and Auditors’ Act, 1980 (Act No. 30 of 1980)”, word hierby aan die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad vermeld in artikel 2 van die Hoofwet oorgedra.

6. **Kort titel en inwerkingtreding**

Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1995, en tree in werking op ’n datum wat die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

BYLAE
WETTE HERROEP DEUR ARTIKEL 4(1)

Nummer en jaar van wet	Kort titel	Omvang van wette herroep	Gebied van nasionale grondgebied ten opsigte waarvan wet herroep word
(a) Wet No. 51 van 1951	Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951	Die geheel	Die gebiede van die voormalige Republieke van Bophuthatswana, Venda en Ciskei en die gebiede van die voormalige selfregerende gebiede van Lebowa, Gazankulu, Qwaqwa, KwaZulu, KwaNdebele en KaNgwane
Wet No. 47 van 1956	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1956	Die geheel	
Wet No. 64 van 1957	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1957	Die geheel	
Wet No. 30 van 1962	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1962	Die geheel	
Wet No. 68 van 1965	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1965	Die geheel	
Wet No. 66 van 1968	Wet op die Transvaalse en Natalse Genootskappe van Geoktroieerde Rekenmeesters, 1968	Die geheel	
Wet No. 80 van 1971	Algemene Regs-wysigingswet, 1971	Artikels 15 en 16	
(b) Wet No. 61 van 1973	Maatskappywet, 1973	Artikel 275(1)(e)	Die gebiede van die voormalige Republieke van Transkei, Bophuthatswana en Venda en die gebiede van die voormalige selfregerende gebiede van Lebowa, Gazankulu, Qwaqwa, KwaZulu, KwaNdebele en KaNgwane

BYLAE
WETTE HERROEP DEUR ARTIKEL 4(1) (vervolg)

Nommer en jaar van wet	Kort titel	Omvang van wette herroep	Gebied van nasionale grondgebied ten opsigte waarvan wet herroep word
<i>(c)</i> Wet No. 61 van 1973 (Ciskei)	Maatskappywet, 1973 (Ciskei)	Artikels 275(1)(<i>e</i>), (<i>h</i>) en (<i>i</i>), en 282	Die gebied van die voormalige Republiek van Ciskei
<i>(d)</i> Wet No. 53 van 1975	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1975	Die geheel	Die gebiede van die voormalige Republieke van Bophuthatswana, Venda en Ciskei en die gebiede van die voormalige selfregerende gebiede van Lebowa, Gazankulu, Qwaqwa, KwaZulu, KwaNdebele en KaNgwane
Wet No. 91 van 1979	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1979	Die geheel	
<i>(e)</i> Wet No. 29 van 1980 (Transkei)	“Public Accountants’ and Auditors’ Act, 1980” (Transkei)	Die geheel	Die gebied van die voormalige Republiek van Transkei
<i>(f)</i> Wet No. 22 van 1982 (Ciskei)	“Licences Act, 1982” (Ciskei)	Bylae 1, item 1A	Die gebied van die voormalige Republiek van Ciskei
<i>(g)</i> Wet No. 42 van 1982	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1982	Die geheel	Die gebied van die voormalige selfregerende gebied van KaNgwane
Wet No. 12 van 1983	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1983	Die geheel	
<i>(h)</i> Wet No. 15 van 1983 (Transkei)	“General Law Amendment Act, 1983” (Transkei)	Artikel 24	Die gebied van die voormalige Republiek van Transkei
<i>(i)</i> Wet No. 48 van 1984	Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1984	Die geheel	Die gebied van die voormalige selfregerende gebied van KaNgwane
<i>(j)</i> Wet No. 6 van 1986 (Ciskei)	“Companies Amendment Act, 1986” (Ciskei)	Artikels 8, 9 en 10	Die gebied van die voormalige Republiek van Ciskei

**(3)WET OP AFSKAFFING VAN BEPERKINGS OP
HOWE SE JURISDIKSIE, 1996
WET 88 VAN 1996**

Tot wysiging en her roeping van wetsbepalings wat die jurisdiksie van die howe beperk; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid- Afrika, soos volg:—

107. Wysiging van artikel 26 van Wet 80 van 1991

“26. Privileges van raad

[Geen regsgeding, hetsy straf- of sivilregtelik, kan teen] Die raad of 'n lid of amptenaar daarvan is nie aanspreeklik ten opsigte van 'n handeling of plig te goeder trou ooreenkomstig die bepalinge van artikel 13(1)(o), 20, 22, 23 of 24 verrig [**ingestel word**] nie.

⁽⁴⁾**WYSIGINGSWET OP OPENBARE REKEMEESTERS
EN OUDITEURS, 1997
WET 5 VAN 1997**

Tot wysiging van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (Wet No. 80 van 1991), ten einde die bevoegdheid van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad met betrekking tot die voorskryf van gelde en die oplegging van hef fings uit te brei; daardie Raad te magtig om geld met of sonder sekerheid te leen of op te neem; en om die Raad te magtig om die koste verbonde aan die inspeksie deur die Raad van die praktyk van 'n rekenmeester en ouditeur van daardie rekenmeester en ouditeur te verhaal; en om vir angeleenthede voorsiening te maak wat daarmee in verband staan.

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken)
(Goedgekeur op 5 April 1997)*

Datum van invoering: 11 April 1997

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Wysiging van artikel 13 van Wet 80 van 1991, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 70 van 1993

Artikel 13 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig —

(a) deur na paragraaf (b) van subartikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:

“(bA) met of sonder sekerheidstelling geld leen of opneem ten einde hom in staat te stel om enige van die bevoegdhede aan hom deur hierdie artikel verleen. uit te oefen.”; en

(b) deur by paragraaf (e) van subartikel (1) die volgende subparagraaf te voeg, terwyl die bestaande paragraaf (e) subparagraaf (i) word:

“(ii) na goedgevind die ander gelde voorskryf en die ander heffings oplê. wat betaalbaar is deur elke persoon wat ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is ten einde hom in staat te stel om die verrigting van sy werksaamhede en die uitvoering van sy pligte te finansier.”.

2. Wysiging van artikel 22A van Wet 80 van 1991, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 70 van 1993

Artikel 22A van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by subartikel (1) te voeg, terwyl die bestaande subartikel paragraaf (a) word:—

“(b) Die raad kan die koste verbonde aan ‘n inspeksie in paragraaf (a) vermeld van die rekenmeester en ouditeur wie se praktyk geïnspekteer is, verhaal.”

3. Kort titel

Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1997.

⁽⁵⁾**WYSIGINGSWET OP STAATSDIENSWETGEWING, 1997**
WET 47 VAN 1997

Ter her roeping of tot wysiging van verskeie ander wette wat op die staatsdiens betrekking het ten einde uigediende bepalings te verwyder of sekere gevolglike wysigings voor tspruitend uit die herreëling van die werksaamhede van genoemde Kommissie aan te bring; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:-

35. Wysiging van artikel 12(2) van Wet 80 van 1991

12. Besoldiging en toelaes van lede van raad en komitees

(2) 'n Lid van die raad of so 'n komitee wat in die heelydse diens van die Staat is, kan benewens sy besoldiging ten opsigte van daardie diens, die besoldiging ontvang vir spesiale dienste deur hom aan die raad gelewer wat die Minister in oorleg met die Minister vir die Staatsdiens en Administrasie mag bepaal, maar wat nie 'n hoër bedrag is as wat die raad aanbeveel nie.